

# Kisirusiru, die dwase kind

Cissy Kiwanuka Luyiga

Afrikaans

Eendag lank lank gelede was daar 'n boer en sy vrou wat net een kind gehad het, 'n seun met die naam Kisirusiru.



Eendag terwyl Kisirusiru met die bokke gepraat het, het een van die bokke se horings sy hemp geskeer.

Sy ma het hom winkel toe gestuur om 'n naald te gaan koop sodat sy sy hemp kon reg maak. Kisirusiru koop toe die naald en sit dit in sy hemp se sak.





Terwyl hy huis toe geloop het, sien hy 'n groepie seuns wat sokker speel en besluit om saam hulle te speel. Die naald val toe uit sy sak en gaan verlore.


Toe hy uiteindelik by die huis kom vertel hy sy ma wat gebeur het.
"My kind," sê sy ma, "steek volgende keer die naald op 'n stukkie papier vas."
"Ja, ma, ek verstaan," antwoord Kisirusiru.

Die volgende dag tel die seun 'n pot op om water te gaan haal. Hy onthou wat sy ma vir hom gesê het, en draai toe die pot in 'n stukkie papier toe om dit huis toe te dra.

Maar op pad huis toe het die papier geskeer en val die pot op die grond, breek in stukkies en mors al die water op die grond.

Toe hy by die huis kom, het sy ma geduldig verduidelik, "My kind, sit volgende keer die pot op jou kop. So sal jy dit kan dra sonder om te mors."

"Ja, ma, ek verstaan," antwoord Kisirusiru.





Die volgende dag vra Kisirusiru se pa hom om die bokke uit te vat om te gaan wei.
Hy onthou toe wat sy ma gesê het en sit die bok op sy kop.
Die bok skop en krap Kisirusiru se kop en nie lank daarna nie, begin die bloed oor sy gesig stroom.

"Wanneer gaan jy jou onnoselheid stop?" vra sy pa bitter.
"Bokke word met toue vasgebind en dan getrek! As jy jou nie behoorlik kan gedra nie, sal jy die huis moet verlaat."

Die volgende dag vra die man sy seun om by die mark te gaan vleis koop.

Hy onthou wat sy pa gesê het, maak die vleis aan 'n tou vas en begin die vleis huis toe te sleep. Hy hardloop toe baie vinnig huis toe sodat hy nie sy pa laat wag nie.

Dink net hoe het die vleis gelyk toe hy by die huis kom?





Sy pa was so kwaad dat hy vir Kisirusiru gesê het om sy goed te pak en weg te gaan.

Toe sy ma dit hoor, besluit sy om saam met haar seun weg te gaan.

Toe hulle loop, besluit hulle om die kombuis deur saam met hulle te vat sodat hulle iets het waarmee hulle 'n nuwe huis kan begin bou.

Hulle het 'n hele entjie geloop, maar kon nerens plek kry om hulle nuwe huis te bou nie.
Toe dit begin donker raak, besluit hulle op in 'n boom te klim en daar te slaap.





Hulle het skaars in die boom geklim, besig om die deur saam hulle op te trek toe hulle geluide onder die boom hoor.

Hulle sien toe drie gevaarlike manne met groot sakke.
Hulle was so bang dat hulle perongeluk die deur gelos het. Die deur val toe op die grond en laat skrik die manne so groot dat hulle alles agterlaat en weg hardloop.

Kisirusiru en sy ma klim uit die boom. Toe hulle die sakke oop maak kry hulle geld, klere, komberse en alles wat hulle nodig het om 'n nuwe huis op te sit.

Kort daarna het hulle 'n plek gekry om hulle nuwe huis te bou. Kisirusiru en sy ma was gelukkig en het baie lekker gebly in hul nuwe huis.



# Kisirusiru, die dwase kind

Writer: Cissy Kiwanuka Luyiga
Illustration: Catherine Groenewald
Translated By: Siglinde Loedolff
Language: Afrikaans



© African Storybook Initiative, 2014

This work is licensed under a Creative Commons Attribution (CC-BY) Version 3.0 Unported Licence

Disclaimer: You are free to download, copy, translate or adapt this story and use the illustrations as long as you attribute or credit the original author/s and illustrator/s.

Saide
South African Institute for Distance Education
www.africanstorybook.org
A Saide Initiative